

Preekskets

2 Konings 7:9

Die wêreld is honger – ons het oorvloed.

Honger dryf mense na vreemde, vieslike en desperate optredes. Dit wys die gedeelte wat ons vanoggend gelees het, baie duidelik aan ons.



Die diepste en werklike honger, is die honger na God. Elke mens het 'n leegte in sy binneste wat net deur God gevul kan word. Vandag word ons dikwels geskok deur die dinge wat mense doen. Die diepste rede lê in hulle honger na God... en ons weet waar die oorvloed kos is!

In die gedeelte lees ons van die melaatses wat 'n kans gevat het. Miskien, wie weet sou hulle kos kry. Ons het nie nodig om 'n kans te vat nie. Jesus het gesê: "Ek is die brood van die lewe." Daar is nie 'n miskien nie, daar is die groot sekerheid van sy Goddelike belofte.

Ons hoef nie teen die muur te sit met ons hongerpyne nie. Die pad na die Goddelike Bron van geestelike oorvloed is vir ons oop.

En as ons versadig is met God, met die oorvloed van die Woord, moet ons doen wat reg is. Ons moet dit oorvertel. As ons dit nie doen nie, dan doen ons nie reg nie.

Ons doen nie reg teenoor God nie, want Hy wil ons gebruik om die boodskap te stuur. Dit is nie 'n moeilike ingewikkelde boodskap nie. Die eenvoudige boodskap aan 'n honger wêreld: Jesus is die brood van die lewe.

Ons doen nie reg teenoor ons naaste nie. God se deernis en liefde vir die wêreld moet ons deernis en liefde word. Wat is meer liefdevol as om iemand by Jesus te bring!

Ons doen nie reg aan onself nie as ons net die rykdom van die genade verorber, wegsteek en begrawe nie. Ons berokken geestelike skade aan onself. Jesus sê mos dat dit saliger is om te gee as om te ontvang.

Mag ons die genade ontvang om reg te doen!